HOËRSKOOL RANDBURG

Spesifieke Oueromsendbrief nr. 121 van 2026

6 November 2026

Geagte Ouer/Voog

Robotika-klub 2027:

Hoërskool Randburg se Robotika-klub het in 2025 begin en het sedertdien sterk gegroei. In 2026 het ons leerders aan drie WRO- (*World Robot Olympiad*) afdelings vir hoërskoolleerders deelgeneem en goeie vordering gemaak. 'n Besonderse hoogtepunt was een van ons leerders se *RoboMission* senior span wat tweede plek in Suid-Afrika behaal het, waarna die leerder gekies is om Suid-Afrika by die internasionale WRO-eindronde in Puerto Rico te verteenwoordig. Ons is baie opgewonde oor die geleenthede wat 2027 vir die klub inhou en sien daarna uit om nog meer leerders se belangstelling in robotika te ontwikkel.

Wat behels die Robotika-klub?

Leerders kom op 'n weeklikse basis bymekaar en leer hoe om robotte met *LEGO SPIKE* robotikastelle te bou en te programmeer om sekere take te verrig en hindernisbane te navigeer. Vanaf 2027 sal senior leerders ook die geleentheid kry om 3D-gedrukte komponente met die *LEGO*-robotikastelle te kombineer om hul eie robotontwerpe verder uit te brei. Hierdie praktiese benadering ontwikkel leerders se probleemoplossingsvaardighede, kreatiwiteit en tegniese denke.

Wie kan deelneem?

Leerders wat in 2027 in graad 8, 9 of 10 is, is welkom om by ons Robotika-klub aan te sluit. **Vorige ervaring is nie 'n vereiste vir graad 8- en 9-leerders nie,** aangesien hulle by die *Explorer Prime* vlak kan begin. Graad 10-leerders wat nuut by Hoërskool Randburg aansluit, moet reeds ervaring in robotika hê en aan vorige vlakke van WRO-kompetisies deelgeneem het om by die bestaande spanne op die volgende kompetisievlak aan te sluit. Leerders wat reeds deel van ons klub is, kan op hul ervaring en vaardighede voortbou.

Robotika-afrigting en -kostes:

Hoërskool Randburg werk saam met *Robotics League*, 'n span robotika-afrigters, wat by verskeie van ons laerskole in die omgewing betrokke is. Afrigting vind weekliks by Hoërskool Randburg plaas en dit geskied dwarsdeur die jaar. Daar is 'n jaarlikse registrasiefooi van R350 per leerder, asook is 'n maandelikse koste van R780 per leerder wat afrigting, rekenaars en alle nodige toerusting insluit.

Hierdie koste is vir die deurlopende deelname aan die program en word direk aan *Robotics League* betaal.

Let wel: Indien u, u kind voor 2027 vir die Robotika-klub inskryf, is daar 'n 50%-afslag op die jaarlikse registrasiefooi.

Indien u belangstel om u kind vir die Robotika-klub in te skryf, registreer asseblief via die ***Robotics League* ouerportaal** deur op die volgende skakel te klik: https://portal.robotics-league.co.za/register

Kontakbesonderhede:


Indien u enige navrae het, kontak gerus een van die volgende persone:

Karin Kasselman: karin.kasselman@hsrandburg.co.za
Alexa Nel: info@roboticsleague.co.za

Vriendelike Randjiegroete,



K. Kasselman
Robotika-organiseerder



P. Booysen
Skoolhoof